

26 Januarie

Skrifgedeelte: Matteus: 25:31-46
Fokusgedeelte: Matteus 25:40, 45

Klein dingetjies

God se wêreld ... en die wêreld vandag: in hierdie stukkende en (hart)seer wêreld moet ons getuies wees. Ons getuienis spreek veral in die klein dingetjies – in dit wat ons doen of nie doen nie. Dit spreek uit 'n glas water aan 'n dors mens; uit 'n kleed aan wie nie het nie; uit 'n besoek aan 'n siek mens en uit 'n tronkbesoek.

In die klein dingetjies van die lewe gee God se Skepperhand aan my die gawe van lewe. God se hand voed my, versorg my en vergeet my nie. God se sorg gee aan my 'n plek onder sy son en wil ook in die klein dingetjies deur my 'n boodskap aan die lewe deurgee.

In die klein dingetjies is die speserye van die lewe. Getrouheid in die klein dingetjies is die geheim van 'n geseënde lewe, van 'n beskawing en die adel van 'n loopbaan. Getrouheid en gehoorsaamheid in die klein dingetjies is die dryfkrag, die kragopwekker en enjin van die lewe. Daarom moet dit in die werkwinkel van die lewe dreun en zoem van klein dingetjies. Ook die klein skakeltjie in die lewensketting maak 'n belangrike en onmisbare onderdeel uit in die ratwerk van God se uurwerk.

In die eindoordeel sal God van jou rekenskap vra oor wat jy met die klein dingetjies gedoen het. *Moenie die dag van klein dingetjies gering ag nie* (Sag. 4:10). Die fyner besonderhede en nuanses is inderdaad belangrik. 'n Mens se getrouheid word immers getoets daaraan of jy die geringstes versorg het. Wie dit ignoreer of minag, sal daarvan rekenskap moet gee.

Onthou die klein dingetjies in die lewe. Gee besondere aandag aan die geringstes. Dit voltooi die legkaart in jou en ander se lewe! Die klein dingetjies is die lewe ter wille en voeg waarde toe! Dit gee kleur en geur aan die groter landskap.

Sing: Psalm 128:1, 4 (1936)

Dr. PW Bingle (Emeritus, Kaapstad)